

Tema: Die Tafel in die middel van die pad. Die gemeenskap met God in die middel van ons lewens.

Goeiemore vriende en hartlik welkom vanoggend. Aan die wat inskakel vanoggend, ook welkom vir julle. Ek wil gou vra, dat jy daar by die huis of in die kerk, net gou vir 2 mense rondom jou 'n fist pump gee. Of as jy nie die persoon wil aanraak nie, dalk net een via Bluetooth. Kom ons groet mekaar.

Ek hoop jy het 'n geseënde week gehad. Ek dink hierdie week aan daardie tafel, of tafeltjie wat by elkeen se voordeur staan. Dit is gewoonlik die eerste tafel wat jy sien as jy by die voordeur inloop.

Onder daardie tafel word die skoene uitgeskop, langs daardie tafel staan die sambreel, en dan op daardie tafel is dit omtrent 'n mengelmoes. 'n Deurmekaarspul. Want elke keer as jy in die huis in loop word dit wat jy in jou hande het, net daar op daardie tafeltjie neergesit. Daar lê dalk sleutels, wat jy nie weet wat dit in die huis oopsluit nie, daar lê brille, die sonbril, die sienbril, die leesbril, daar lê motorsleutels, maskers, sanatizer, spar sakke, woolworths sakke, hoedens, spar rewards stickers, dischem stickers, loyalty kaarte, beursies, kleingeld, penne, gholfpennetjies, serpe, ens.... Alles is welkom op daardie tafel, en dit kan maar daar bly, totdat daar eendag gaste kom- dan moet dit skoon.

Ek het hierdie week aan kerk toe kom gedink, en ek wil dit vergelyk met daardie tafel:

Dit is alyd vir my vreemd wanneer sekere geloofsgemeenskappe tydens 'n bymekaarkoms vir mense aanmoedig om dit wat hul die week beleef het by die deur te los. En dan hul aanmoedig om liewer nou op die Here te fokus en weer as hul uitgaan daardie bekommernisse saam te dra. Ek dink juis hierdie is die ruimte waar jy juis daardie goed moet inoos- en kyk wat met jou gebeur. Bring dit saam tafel toe wat in jou hart leef. Dalk is daar vanoggend 'n God-gegewe oomblik wat jou help.

So ek wonder..Wat bring jy vanoggend na die Tafel toe? Wat bring jy in saam met jou? Watter ervaring- gevoelens- bekommernis- worstelling- uitdaging- of dalk verwagting bring jy.... Ek wil jou uitnoui om daardie dinge in te nooi en op die spreekwoordelike tafel van die Here te kom neersit.. Want by sy tafel is jy altyd welkom. By hom mag en kan jy net jouself wees:

Gebed: Dankie Here dat ons kan kom as onself. Met al ons twyfel, al ons seer, dankie dat U ons lief het nes ons is. Here gee ons die waagmoed om nie wie ons is, en waarmee ons sukkel vir U en vir die lewe weg te steek nie.

Vanoggend se getuienis, soos laas Sondag staan ons stil by die merkwaardige verhaal van Lukas 24:13-35. Jy is welkom om daarheen te blaai en saam met my te volg:

Ons het laasweek by 4 punte van die teks stil gestaan:

- 1- Jesus loop saam.... In my lewe, en in jou lewe...**
- 2- Jesus se teenwoordigheid hang nie af van of ek hom sien of nie sien nie... Hy is hier.... Maar ook daar...**
- 3- Ons sien Jesus se teenwoordigheid nie net wanneer ons die woord lees nie, maar wanneer ons die woord LEEF.**
- 4- Wat laat jou binneste roer? Na wat/wie word jy geroep.**

Ek wil dit graag uitbrei met nog 4 "verdere" punte wat ek graag wil maak. En die punte is meer gefokus op wie Jesus is binne die teks. Jesus se menslikheid in die teks:

Ons lees:

15. Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,

Punt 1: Die Mag van Medemenslikheid

Wat my egter geroer het van die teks is wie Jesus is in die verhaal. Jesus verskyn aan hulle, nie deur donderwolke nie. Jesus verskyn nie deur die engel koor wat saggies en mooi agtergrond musiek maak nie, hy verskyn nie deur ligte wat uit die hemel verskyn, trompette ensovoort nie. Nee hy verskyn aan hulle as 'n mens. NET NOG 'n MENS. 'n Mede reisiger...

Dit is vir my die merkwaardige ding van Jesus se verhaal. Hy wat n mens tussen mense was. Iemand wat ook swaargekry het, verlies gehad het, geëet het, gelag het, opgewonde geraak het. Net 'n mens. En dit bly vir my so wonderlik dat Jesus steeds vandag, in sy menslikheid vir ons ontmoet. In die gewone, in die alledaagse, en ook in en deur ander mense.

Meeste van die tyd het ons nie 'n redder, helper, gesagsfiguur of fixer nodig nie, nee ons benodig net iemand wat bereid is om saam te loop. Net iemand wat deur sy menswees daar is vir ons... Iemand wat ons met hul eie gebrokenheid, seer en twyfel liefhet. Iemand wat saamsoek, al weet hul nie wat die antwoord is nie. Iemand wat saamloop, al weet ons saam nie waarheen nie. Iemand wat saam sit, al is dit stil...

Jesus is dit hier vir die mense, Hy beklemtoon hier sy menslikheid:

Wat doen Jesus wanneer hy by hierdie twee mans aansluit?

17. **Hy vra hulle toe:** "Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek?" Met somber gesigte gaan hulle staan,

18. en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom: "Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie?"

19. **Hy vra vir hulle: "Watter dinge?"** Hulle antwoord Hom: "Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk;

Punt 2- Die mag van goeie Vrae

Iemand wat regtig, soos Jesus bereid is om 'n pad saam met jou te stap, neem nie net aan dat hy jou pyn ken nie. Jy neem nie aan nie, maar jy skeep die spasie dat die ander persoon hulle pyn aan jou kan openbaar... Jy gee nie goeie antwoorde nie, antwoorde soos, ag alles sal okay wees. Julle sal fine wees. Kom ek vat gou al die seer weg. Jy vra ook nie vrae wat net uit ja of nee antwoorde bestaan nie, maar vrae wat uitbrei. Ons almal het al ons vingers verbrand met daardie Ja/Nee vrae....

Soos die Ma wat vir haar dogter vra: Hoe was skool? Lekker. Wat het gebeur? Nie veel nie. Wat wil jy eet? Kos...

Ek dink dit is beter om te sê wat jy sien...

Mamma kan sien jy lyk vandag baie gelukkig? Wil jy vir my daarvan vertel? Dan antwoord die dogter dalk NEE. Okay dit is doodreg, Mamma sal graag later wil hoor, maar ek is bly jy is opgewonde... Vir watter kos is jy lus vandag?

Jesus sê wat hy sien. Daarom maak hy die opmerking: "Ek sien julle is ernstig, vertel my waaroor jul so ernstig gesels"...

Jesus ontmoet hul hier deur sy medemenslikheid. Hy gesels net met hulle. Hy vra vir hulle goeie vrae. En dit is maar wat elke goeie Dominee, Sielkundige, Terapeut, Onderwyser of familielid doen, hul vra goeie vrae, en hul laat jou spesiaal voel... En deur goeie vrae te vra kom jy agter hoe jy werklik voel, en wat werklik die probleem is. Goeie vrae help jou eintlik om jou eie stem te ontdek (It helps you discover your voice).

Jesus vra hier goeie vrae, want hy stel werklik belang in waarom ons gesels. Hy stel belang in waarom ons praat, en wat in ons gedagte-wêreld aan die gang is. Jesus wil nie net hê dat ons sy hart moet leer ken nie, nee hy wil ONS hart leer ken. Hy stel belang in waarom ons praat terwyl ons koffie drink, terwyl ons onder die kerk se bome staan, terwyl ons rondom die braaivleisvuur staan of waar ons mekaar in die winkelsentrum raakloop. Jesus stel belang....

En daarom juis is gebed vir ons so belangrik. Dit is 'n ruimte waar ons eerlik ook vir God ons vrae kan vra. Want dit is daar waar ons praat met God, maar ook luister na God.....Dit is waar ons sy hart leer ken, en ons deur te gesels met hom, en te luster na hom, ons eie hart beter leer ken.

Jesus is hier bekommerd oor die opstanding wat in hulle lewe moet plaasvind, nie oor om hulle te oortuig vna sy eie opstanding nie. Hy is op hulle gekofuks...

En so lees ons:

25. Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?"

26. Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?"

27. Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

3. Die Mag van Kennis

Ek kan dink dat Jesus dalk hier teleurgesteld in hul moes wees. Want dit wat hul lees, dit wat hul oor die afgelope paar jare gehoor en beleef het, val nou alles plat hier waar die eerst bietjie gevaar oor die horison kom. As hulle mooi geluister het, sou hul gehoor het dat wanneer Jesus gekruisig is, gaan hy op die derde dag opstaan. Hul sou gehoor het dat daar na die kruis klomp dwaal verhale sou gewees het.

Jesus is hier teleurgestel want, dlt wat hul glo en dit wat hul gesels is nie in mekaar ingeweef nie. En Jesus kies dan, wanneer hy later weer vir hul nog 'n vraag gevra het, om hul ter herinner van Moses en al die skrifuitsprake.

En ek wonder sommer of ons is die stroms van die lewe, nie dalk heeltemal te vinnig net ons handleiding, gidsboek weggooi nie. Of ons so bedruk en bekommerd is, dat ons te maklik vergeet van die wysheid wat ons in die woord kan lees. Ek wonder hoeveel van ons idees oor ander rasse, of oor inentings teen covid 19, of oor sekere areas of vakgebiede is gebou op kennis wat nie korrek is nie.

Jesus vat hul terug na die woord toe, hy herinner hul aan wat hul weet. En ek wonder of Jesus nie, juis in die herinnering aan die tekste wat hul ken, vir hul laat onthou het van die gasvryheid, liefde en omgee wat hul vir mekaar en vreemdelinge moet hê nie. Ek wonder of hul nie onthou het dat vanuit God se liefde vir hulle, hul ook instaat is om lief te wees vir ander. Hul nooi dan vir Jesus in, en dan lees ons:

30. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.

4. Die Mag van die tafel

15 van die 23 verhale in Lukas wat handel oor kos of die metafoor van kos. (Dit is 70%). En kos word gewoonlik aan tafel geëet. Tafels is belangrik:

- Dit is aan tafel, waar ons almal gelyk is. Ons deel almal in die kos, ons deel ons medemenslikheid
- By die tafel vra ons goeie vrae, deel ons mekaar se lewe.
- By die tafel onthou ons, ons onthou die skrifte wat ons lewe gevorm het, ons onthou die verhale van ons lewe.
- Dit is aan die tafel waar ons by mekaar leer. Waar die wysheid oorgedra word...
- By die tafel kom leer ons: Wie ons is/ waar ons vandaan kom/ wie ons kan wees/ aan wie ons behoort/ na wat word ons geroep
- By die tafel eet ons Kos. Kos wat stories vertel. byvoorbeeld steak op 'n Vrydagaand. Hoender op 'n Sondag. Trifel tydens kersfees/Pasga maaltyd/ afval/ skaapkop/ vetkoek. By die tafel lees ons ook saam die woord van God.
- By die tafel vat ons hande saam en bid ons voor ons eet.
- Elke keer as Jesus saam mense geëet het, dan het die tafel in 'n heilige ruimte verander.
- Om die tafel leer ons die MOETS en MOENIES van die huis. En hierdie word die moets en MOENIES van ons lewe. Die reëls van die tafel word die reëls van buite..

En so, wanneer Jesus hier, aan tafel die brood neem, seën en breek, dan is hy nie meer die gasheer, maar die gasheer. Hy word die hoof van die tafel wat die twee mense voed....

En ek wonder net, of ons nog plek maak vir Jesus aan ons tafels. Of ons plek maak daar waar ons gesels, kuier, eet.... Of is ons tafels alreeds vol. Is daar plek vir Jesus aan ons tafel? Gesels ons so rondom die tafel dat ons nie skaam sal wees as Jesus daar sou sit nie, vergader ons op so manier dat hy daar so sit en glimlag oor die besluite wat ons neem. Jesus is eintlik die gasheer van ons elkeen se tafels...

31. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.

En dan soos enige goeie leermeester, weet jy wanneer om nou die klas te verlaat, wanneer om die persoon te los om self te dink of om self die stukkies van die legkaart bymekaar te sit.... Die ware heer weet wanneer om van die tafel af op te staan....

En daarom gaan ons nou, spreekwoordelik, ook aan tafel sit. Ons gaan die mooi gebruik vier van die nagmaal. Die teken van God in my...

En julle sal sien dat vanoggend se tema was, die tafel in die pad. Hierdie foto is geneem na aanleiding van restuarante wat geprotersteer het teen die inperkingmaatreëls, maar ek sien die tafel nie as in die pad nie, die tafel is nie iets wat maak dat jy nie kan verbybeweeg of verder reis nie, nee dit is eerder die tafel, wat jou help met jou reis. Die tafel wat ons lei met ons pad...

En in ons lewe, kan ons nie die nagmaals tafel sidestep nie. Ons kan nie sonder dit lewe nie. Net soos ons nie sonder water, voedsel of suurstof kan lewe nie. Ons het hierdie tafel nodig, om ons te help onthou, ons het die tafel nodig om te help weet...Dit is vanuit ons gemeenskap met God, wat ons gemeenskap met mekaar kan hê. Dit is omdat ons aan God se tafel sit, dat ons instaat is om aan ander se tafels te gaan sit.

Leonard Sweet skryf in sy boek: Tablet to Table (bladsy 20) die volgende:

When your best friend shuts the door in your face,
Jesus pulls the chair out for you at his table.
When everyone else leaves the room,
Jesus saves a place for you at his table.
When everybody fails you,
Jesus takes you in at his table.
When everything in life fails you,
Jesus has reserved a special place at his table just for you,
Jesus wants nothing more than for you to sit down at his table.
When your employer wants nothing more to do with you,
Jesus puts you at the head of the table...

En daarom wil ons nou elkeen, saam met julle almal die herinnerings maal geniet. Die NAGMAAL, herinnerings maal is daar om deur brood vir ons te herinner dat ons ook weerloos is op ons reis. Die nagmaal want eintlik vir ons op 'n Back to basics reis neem. Terug na ons wortels van bestaan- van menswees

En dit kan vir jou klomp verskillende betekenis inhou.

- 1 - Gedagtenismaaltyd
- 2 - Waarborg
- 3 - Viering van gemeenskap met die Here en met mekaar
- 4 - Verkondiging van die toekomsverwachting
- 5 - Vreugdefees

Vanoggend wil ek versoek dat wanneer jy dit gebruik, jy opnuut bewus sal word- dat langs jou- en oor jou- en agter jou is daar ook mense, wat saam met ons besig om hierdie waarheid op hul eie manier te fier.. Ons doen dit nie alleen nie.

Die Brood wat ons breek: Is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Sy liggaam wat gebreek is tot volkome versoening van ons sondes..

Neem, eet en WEET

Wyn/Sap wat ons drink: Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. En daarmee glo ons dat sy kosbare bloed vergiet is tot volkome versoening van al ons Sondes..

Neem, drink en Dink

Gebed: Here soos wat die brood, en wyn nou deel is van ons liggaam. Soos wat dit nou binne in ons is, weet ons , en is ons so dankbaar dat U binne ons is. Dat ons harte ook warm word. Dat ons binneste ook roer. Dat 1000de jare later, ons kan eet en weet (dat U daar is), en dat ons kan drink en dink (dat U liefde vir ons so oneindig en onvoorwaardelik is).... Dankie Here vir die sitplek aan U tafel... Amen

Die beweging stop egter nie net daar nie. Die teks beweeg van Jeuss na hulle, dan na 'n ervaring in hul binnekamer, en dan na 'n beweging na die wêreld....Daar is vir ons elkeen 'n tyd om van die tafel af op te staan, en verder die wêreld in te gaan..

Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,

^{34.} en die sê: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn!"

^{35.} Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.